M.G.E.V
Mosselbaai Grond Eienaars Vereeniging
Mosselbay Land Owners Assosiation

**Kompanje Laan 17**
**Hartenbos**
**6520**
**Selfoon: 083 305 9943**

Herbie Oosthuizen & Assosiate

Montagustraat 71

Mosselbaai, 6520

**21 Maart 2024**

Per e-pos: herbie@holaw.co.za

**<u>IS: MGEV // MOSSELBAAI MUNISIPALITEIT – KORRESPONDENSIE EN ANDER AANGELEENTHEDE</u>**

Geagte Meneer

Die skrywe van 12 Maart 2024 verwys.

U vorige skrywes is aan die Nasionale Belasting-betalers Unie (NBU) regspan verwys vir kommentaar op navraag na die reaksie op u skrywes verneem die MGEV dat die NBU binnekort op al die al die regsvrae gestel sal reageer.

Kennis word geneem van punte 3, 4 en 5 van u skrywe. MGEV sal in die toekoms soos versoek Feitelike puntsgewyse skrywes met gemeenskap vrae aan u rig waarop u kliënt Mosselbaai Munisipaliteit (MM) die kantoor van Herbie Oosthuisen as medium sal gebruik om die MGEV se vrae uit die gemeenskap te antwoord.

MGEV verwys na die MM "Joint Operation Centre" (JOC) vergadering van 26-09-2022 al die vra kom uit die dokument en net die JOC sal in die skrywe aan u hanteer word – Tans is daar net 8 vrae. (Dokument Aangeheg)

1) Punt 2.2 – CSF (Community Safety Forum) is 'n SAPD funksie. Watter wetgewing MM om daar betrokke te wees? Na die kennis van die MGEV is die JOC 'n funksie van die SAPD en die CSF en GPF nie MM nie.
2) Punt 2.2 – Graag ontvang die MGEV die kabinet goedkeuring vir die JOC van MM soos genoem in die vergadering gehou op 26 September 2022.
3) Punt 2.2 – Hoeveel van die fondse uit sentrale owerheid is gebruik vir die JOC waar die fondse in werklikheid bewillig was vir die ontwikkeling van die GPF en die CSF op grondvlak deur die gemeenskappe.
4) Punt 4 – Die 2 pantser voertuie en "Armed personal career – tender closed for assessment" watter wetgewing magtig die MM om by SAW (Suid Afrikaanse Weermag) sake betrokke te raak? Die MGEV verstaan ook die twee pantser voertuie aangekoop is vir R5 000 000 wat nie padwaardig is nie is die bewering waar?
5) Punt 5 – MM is 'n groep B Munisipaliteit watter wetgewing magtig die MM om 'n honde eenheid te bedryf.
6) Punt 8 – Verwys na "46 Neighbourhood watches, 36 accredited Neighbourhood watches" graag verneem die MGEV hoeveel MVO (Memorandum van Ooreenkomste) is tussen die buurtwagte en die JOC onderteken. Graag ontvang die MGEV verder ook 'n afskrif van die MVO's met die buurtwagte onderteken.
7) Die MGEV versoek asseblief die Finansiële state van die JOC sedert die aankoop van die gebou tot tans.
8) Die "THE BURGERS PARK COMMUNITY v/s CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY" Saak no: 120856/2023 (Aangeheg) verwys daarna dat geen Raadslid wat deur die gemeenskap verkies is tot die openbare pos geen ander inkomste mag ontvang nie. Daar is gerugte dat Raadslid L. Van Dyk ander ondernemings bedryf en ook vergoeding uit die JOC ontvang as Mede Direkteur van die JOC is dit waar?

Die is die eerste 8 Punte vanuit die Mosselbaai gemeenskap van baie vrae wat in die toekoms gevra sal word ons gaan probeer om een aspek of funksie van Mosselbaai Munisipaliteit per skrywe te hanteer.

**Vriendelike Groete**

**Johan Gräbe – Voorsitter MGEV**